
# AFDELING 2



## DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG
## 1899-1902

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee

# AFDELING 2 – DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG



*Die Boeremagte by Spioenkop, 1900*

## Hoofonderwerpe

- Die Naam van 'n Oorlog
- Swart Mense se Betrokkenheid in die Oorlog
- Die Oorlogsverklaring
- Oorsig van die Tweede Vryheidsoorlog
- Fase 1 – Die Beleërings
- Die Beleg van Ladysmith
- Die Beleg van Kimberley
- Die Beleg van Mafeking
- Fase 2 – Die Versterkings
- Triomfweek
- Fase 3 – Guerrilla-oorlogvoering en die Verskroeide Aarde Beleid
- Konsentrasiekampe (1900-1902)
- Kan Syfers Praat? - 'n Verdere Ondersoek na Sterfgevalle
- Emily Hobhouse
- Die Vredesverdrag van Vereeniging

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee

| HULPBRONNE | |
|---|---|
| **Verpligte Hulpbronne** | ☐ Eendag was daar 'n Oorlog, Heléne le Roux<br>☐ Die Ruiter in die Nag, MIKRO<br>☐ Nag op Spioenkop, Jenny Seed<br>☐ Gezina en die Bruin Wind, Maretha Maartens<br>☐ Maggie, my Lewe in die Kamp, Maggie Jooste<br>☐ Die Groot Afrikaanse Heldeboek, Pieter Grobbelaar<br>☐ Dapper Kinders, DJ Kotze |
| **Addisionele Hulpbronne** | ☐ Helde met Hoewe reeks, Juliette Whelpton:<br>o *Fleur*<br>o *Bokkie*<br>o *Dapper*<br>☐ Die Beleg van Ladysmith, Jenny Seed<br>☐ Wynand se Oorlog, Ria Jordaan<br>☐ Dirkie, Drika, Frederika, Franci Greyling<br>☐ Helena in die Tyd van die Tente, Franci Greyling |
| **Rolprente** | (geen) |
| **Kunswaardering** | ☐ Bruce Backhouse |
| **Musiekwaardering** | ☐ Japie Greyling<br>☐ Sarie Marais<br>☐ De la Rey |
| **Poësie** | ☐ Generaal De Wet, Jan FE Celliers<br>☐ Wittekind in die Konsentrasiekamp, C. Louis Leipoldt<br>☐ Konsentrasiekamp Simbool, Cornien Naudé |
| **Uitstappies** | ☐ Ladysmith-beleg-museum, Ladysmith<br>☐ Slag van Magersfontein-museum, Ritchie-Kimberley<br>☐ Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein<br>☐ Die Nasionale Vrouemonument, Bloemfontein<br>☐ Slag van Laingsnek-terrein, Volksrust-Newcastle<br>☐ Slag van Spioenkop monumente, Ladysmith-Bergville<br>☐ Slag van Majuba-terrein (Sowat 1,5 uur se stap na die monument)<br>☐ Geelbeksrivier-blokhuis, Leeu-Gamka, Laingsburg<br>☐ Mafikeng Museum<br>☐ Kaapsehoop Horse Trails Vrywilligerprojek |

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee

# VERPLIGTE HULPBRONNE

**Eendag was daar 'n Oorlog,** Heléne le Roux
Hierdie verhaal, wat afspeel tydens die beleg van Mafeking, wys dat wreedheid en lyding nie net aan die hand van die Engelse soldate nie, maar ook deur Boeremagte plaasgevind het. Kwessies soos skuld en onskuld; wat van jou ’n held maak – of nie; die soeke na alternatiewe waardes en die verontmensliking wat altyd met oorlog saamloop, kom voor.

**Die Ruiter in die Nag,** MIKRO
In hierdie verhaal, doen ’n geheimsinnige ruiter in die nag, waaghalsige verkenningswerk vir die Boeregeneraals. Telkens uitoorlê hy die vyand en hulle soek tevergeefs na hom. Niemand weet wie hy is nie, maar Willemien wonder of dit nie moontlik Sarel Gereke kan wees nie.

**’n Nag op Spioenkop**, Jenny Seed
’n Jong seun is op soek na sy vader wat aan die Boerekant by Spioenkop veg. Sy vader se swart bediende gaan saam met hom en offer uiteindelik sy lewe in lojaliteit aan sy heer.

**Gezina en die Bruin Wind**, Maretha Maartens
Die oorlog, en veral die lewe in die konsentrasiekamp, word beleef deur die oë van die dertienjarige Gezina. Dit is die aangrypende verhaal van ’n ma en haar kinders, hul ontbering en oorlewing. Die verhaal word deur die slim gebruikmaking van terugflitse vertel.

**Maggie, my Lewe in die Kamp**, Maggie Jooste
Maggie Jooste was ’n Afrikaner tienermeisie tydens die Tweede Vryheidsoorlog. Sy en haar vyf jonger broers en susters is in konsentrasiekampe in Natal aangehou. Sy het ’n boek oor haar ervarings in die kamp geskryf, maar die manuskrip het vergete op ’n boekrak gelê. Sewe-en-vyftig jaar later, het haar familie dit herontdek en vir die eerste keer laat publiseer.

Lees die volgende kortverhale in **Die Groot Afrikaanse Heldeboek:**

- *Die Drenkeling*
- *Die Slag by die Drif*
- *Die Vrag vir Vryheid*
- *Die Laaste Stormloop*
- *Die Baasverkenner*
- *Japie Greyling*
- *Ruiter*
- *Die Ou Man en die Meisie*

Lees die volgende biografiese sketse in **Dapper Kinders van Suid Afrika:**

- *Die Penkoppe*
- *Japie Greyling*
- *Dirk en Jan Kotze*

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee

# ADDISIONELE HULPBRONNE

**Helde met Hoewe reeks,** Juliette Whelpton
Feite oor Suid-Afrika - uit die perd se bek! Die reeks van drie boeke vertel die verhaal van drie dapper perde en hul ewe dapper eienaars gedurende die Anglo-Boereoorlog. Ons lees van Fleur, die getroue Arabierperd van generaal Christiaan de Wet, van Bokkie, die legendariese Basoetoemerrie van generaal Koos de la Rey en van Dapper, die manjifieke Boerperd van generaal Louis Botha.

**Die Beleg van Ladysmith,** Jenny Seed
Gedurende die beleg van Ladysmith in Februarie 1900, bevind die jong Britse seun, Robert, hom saam met sy ma in ’n neutrale kamp. Hierdie kortverhaal beskryf sy reis vanaf die kamp na sy pa in Ladysmith, vas oortuig dat al die probleme wat hy deurmaak onregverdig is en dat die lewe in die dorp saam met sy pa, beter sal wees. In die proses word hy volwasse.

**Wynand se Oorlog,** Ria Jordaan
Die boek speel in die Tweede Vryheidsoorlog af en handel oor ‘n jong seun wat, na sy pa se vertrek op kommando, op die plaas agterbly om na sy ma en sussies om te sien. Wynand ontwikkel van ‘n voortvarende jongeling wat baie graag wil gaan veg, tot iemand wat besef dat oorlog smart bring en dat daar goed en sleg aan alle kante van ‘n oorlog is.

**Dirkie, Drika, Frederika,** Franci Greyling
Dirkie, 'n Afrikaanse plaasmeisie wens dat sy saam met haar pa en broers op kommando kon gaan tydens die Anglo-Boereoorlog. Dit klink so opwindend in vergelyking met haar eentonige lewe op die plaas. Op 'n dag moet sy, haar ma, oupa en haar jonger broers egter die plaas verlaat omdat dit te gevaarlik geword het. Hulle pak hulle wa en 'n avontuur begin.

**Waarskuwing** - daar is 'n kort beskrywing van 'n ontmoeting tussen Dirkie en 'n ouer man met slegte bedoelinge maar sy kry dit reg om te ontsnap en by die waens terug te kom. Ouers sal dalk hierdie eers wil lees en besluit of dit aanvaarbaar is vir julle gesin.

**Helena in die Tyd van die Tente,** Franci Greyling
Hierdie storie speel af in 'n Britse konsentrasiekamp tydens die Anglo-Boereoorlog. 'n Jong Afrikaanse meisie met 'n sterk wil van haar eie, net soos haar pa en haar ouma, moet toekyk hoe die "Khakis" hul plaashuis afbrand en hul beveel om hul besittings gereed te kry om na 'n konsentrasiekamp te vertrek. Helena se ervarings in die konsentrasiekamp gee haar insig in die menslike natuur en help haar om te sien dat daar soms goeie redes is waarom mense goed doen, wat sy as onaanvaarbaar beskou.

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee

# KUNSWAARDERING



Bestudeer die Kalahari kunstenaar:

- **Bruce Backhouse**

Die skakel is op die kursuswebblad.

# MUSIEKWAARDERING

Luister na die volgende liedjies op die kursuswebwerf.

- **Japie Greyling**
- **Sarie Marais**
- **De La Rey**

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee

# DIE TWEEDE VRYHEIDSOORLOG

**Lees**

- **Eendag was daar 'n Oorlog**, Heléne le Roux
- **Die Ruiter in die Nag**, MIKRO

**Addisionele hulpbronne**

- **Die Helde met Hoewe** reeks, Juliette Whelpton
  - *Fleur*
  - *Bokkie*
  - *Dapper*

## Die Naam van 'n Oorlog

Die vele name waarmee hierdie Suid-Afrikaanse oorlog beskryf word, lig 'n belangrike les uit, wat ons hoop Voetspore beklemtoon – dat geskiedkundige gebeure altyd vanuit iemand se perspektief vertel word. Wanneer net een kant van die verhaal vertel word of as die vertelling onregverdig staan teenoor ander uitgangspunte, word daarna verwys as vooroordeel.

Die Britte het dit die Boere-oorlog genoem, omdat die Boere, volgens hul beskouing die vyand was. Die Boere het dit die Vryheidsoorlog genoem. Later is daarna verwys as die Anglo-Boereoorlog, maar, gegewe dat buiten die Britte en die Boere ook mense van ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika (en ook ander nasionaliteite) betrokke was, word daar tans na die Suid-Afrikaanse Oorlog verwys. Vir ons lê die uitdaging daarin om verslae van alle kante te lees en dan self gevolgtrekkings te maak oor wat werklik gebeur het. Ons hoop om hier genoegsame inligting aan te bied om hiermee te help.

## Swart Mense se Betrokkenheid in die Oorlog

Die Boere-oorlog van 1899-1902 was in effek 'n "blankeman se oorlog" en die stryd was tussen twee blankeoutoriteite wat die mag in Suid-Afrika wou hê. Daar was 'n ongeskrewe ooreenkoms tussen die Boere en die Britte dat swart mense nie bewapen sou word in die oorlog nie, maar beide kante het hierdie verontagsaam. Ander rasgroepe soos die Zoeloes, Xhosas, Swazi's en Sotho's was ook by die oorlog betrek.

## Die Oorlogsverklaring

Die Tweede Vryheidsoorlog (11 Oktober 1899 – 31 Mei 1902), ook genoem die Boere-oorlog, Anglo-Boere-oorlog of die Suid-Afrikaanse oorlog, was tussen die Britse Ryk en die twee onafhanklike Boererepublieke, naamlik die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat. Die ontdekking van goud en diamante in die Boererepublieke, was die aanleiding tot die oorlog.

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee

Die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR), ook bekend as die Transvaalse Republiek, was ’n internasionaal erkende onafhanklike staat sedert ondertekening van die Sandrivier-konvensie in 1852 en die Londen-konvensie (1884) tot na ondertekening van die Vrede van Vereniging in 1902. Die ZAR het bestaan uit wat ons vandag ken as Gauteng, Limpopo, Mpumalanga en Noordwes-provinsies.

In die vorige afdeling het ons gesien dat die Britse Koloniale Sekretaris, Joseph Chamberlain, in September 1899, ’n ultimatum aan die Boererepubliek gestuur het waarin geëis word dat die uitlanders wat in die Transvaal woon dieselfde regte as burgers geniet. Dit sou beteken dat Britte wat in Transvaal woon ook stemreg verkry.

President Kruger het met ’n teen-ultimatum geantwoord en verklaar dat indien Brittanje nie binne 48 uur al hulle soldate van die Transvaalse grense onttrek nie, sal daar oorlog wees.

Brittanje het hierdie eise geïgnoreer, wat gelei het tot die oorlogsverklaring op 11 Oktober 1899. Die Boere het ’n gepantserde trein opgeblaas en Mafeking (vandag Mafikeng genoem) beleër.

Die Britte het hulle weermag en soldate as veel beter as die oënskynlik onopgeleide Boere-kommando’s beskou en daarom verwag dat die oorlog voor Kersfees afgehandel sou wees, maar hulle word onaangenaam verras. Elke Boer het met sy eie perd en geweer by die Boere-kommando’s aangesluit en hul uitmuntende veldkennis het van hulle ’n gerekende mag gemaak.

**Kaartwerk – Die Transvaalse Republiek**
Die gebied wat eens as die ZAR of Transvaalse Republiek bekend was, beslaan tans die grootste deel of die geheel van die provinsies Gauteng, Limpopo, Mpumalanga en Noordwes. Gebruik ’n kaart van Suid-Afrika, trek die buitelyn van hierdie gebied na en kleur dit dan in,

**Biografie van ‘n President**
Skryf 'n kort biografie met interessante feite oor president Kruger of president Steyn. Hulle was die eerste presidente van die twee Boererepublieke.


## Oorsig van die Tweede Vryheidsoorlog

Die Tweede Vryheidsoorlog het drie duidelik onderskeibare fases. ’n Opsomming volg hieronder. Ons sal elke fase ook in meer besonderhede bestudeer.

**Wat is ’n Beleg?**

’n Militêre beweging waarmee vyandelike magte ’n dorp of gebou omsingel om die inwoners tot oorgawe te dwing deur die toevoer van noodsaaklike benodighede af te sny.

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee




**1. Die Beleëringe**: In November 1899 het Boere magte Britse soldate in Ladysmith, Mafeking en Kimberley beleër. In die veldslae van Colenso, Magersfontein en Spioenkop, het die Boere die Britse soldate, wat die drie beleërde dorpe wou ontset, gewen.

**2. Die Ontsetting**: Nadat 'n groot aantal Britse soldate onder leiding van Lord Roberts in Suid-Afrika geland het, is 'n volgende Britse inval geloods. Hierdie keer het die Britte daarin geslaag om die beleëringe te ontset. Daarna het hulle voortgegaan om Transvaal in te val en in Junie 1900 is die republiek se hoofstad, Pretoria ingeneem. Lord Roberts het die strate van Pretoria onder groot gejuig van die skares binnegegaan en geglo dat die oorlog beëindig is, maar dit was nie.

**3. Guerrilla-oorlogvoering**: Vanaf Maart 1900 het die Boere hul taktiek verander en begin om teikens, soos die Britse kolonne soldate, telegraafterreine, spoorweë en voorraadstore aan te val en te stroop. Die welbekende Winston Churchill, wat in die Tweede Wêreldoorlog Eerste minister van Engeland geword het, was tydens een van hierdie strooptogte as krygsgevange weggevoer. In Maart 1901 het Lord Kitchener, haastig om die oorlog tot 'n einde te bring, sy *Verskroeideaardebeleid* aangekondig. Hiervolgens is Boere se plaashuise, plase en diere

afgebrand of doodgemaak, vroue en kinders is bymekaargebondel en na konsentrasiekampe weggevoer in ’n poging om die Boere se bron van voedsel en medisyne af te sny.

**Kaartwerk – Belangrike Stede**

Die gebied wat eens as die ZAR of Transvaalse Republiek bekend was, beslaan tans die grootste deel of die geheel van die provinsies Gauteng, Limpopo, Mpumalanga en Noordwes. Gebruik ’n kaart van Suid-Afrika, trek die buitelyn van hierdie gebied na en kleur dit dan in.

**Kaartwerk – Die Suid-Afrikaanse Oorlog**

Kleur die kaart van die Suid-Afrikaanse oorlog soos volg in:

- Kleur die see blou in en trek die riviere met blou na.
- Laat die neutrale gebied noord van Natal wit.
- Kleur die Boere se gebied binne die gebroke lyn liggroen in. Kleur die Britse gebied oranje in.
- Omkring die beleërde dorpe met donkergroen.
- Omlyn die pyle wat dui op die Boere se aanvalle in donkergroen.
- Omlyn die pyle wat dui op die Britse opmars in rooi.

## Fase 1 – Die Beleërings

**Lees**

- **Nag op Spioenkop**, Jenny Seed

**Addisionele Hulpbronne**

- **Die Beleg van Ladysmith,** Jenny Seed
- **Wynand se Oorlog,** Ria Jordaan
- **Dirkie, Drika, Frederika,** Franci Greyling

## Die Beleg van Ladysmith



*Ladysmith se stadsaal wat duidelik die bomskade aan die toring wys*

Ladysmith is geleë in die noordelike deel van die huidige Kwazulu-Natal. Dit is ’n bedrywige dorp op die hoofroete tussen Durban, Gauteng en die Vrystaat.

Met die uitbreek van die oorlog, was Ladysmith ’n Britse voorradedepot en opleidingsentrum. Die Boere het dit vanaf 2 November 1899 tot 28 Februarie 1900 beleër – ’n volle 118 dae.

Tydens die beleg, het die Boere die dorp gereeld met hul Long Tom-kanon (ook bekend as ’n Creusot-kanon, omdat die

## Kan Syfers Praat? - ‘n Verdere Ondersoek na Sterfgevalle

Die Britse Koerant, *The Guardian*[1], berig in 2001 dat ’n privaat versameling briewe en foto’s in die besit van majoor sir Hamilton Goold-Adams, ’n koloniale offisier in Suid-Afrika, openbaar hoe Britse offisiere ’n publisiteitsveldtog beplan het om die ware omstandighede van die konsentrasiekampe toe te smeer.

In een brief blyk dat lord Milner, wat na Suid-Afrika gestuur is om die toestande te probeer verbeter, maniere voorgestel het om die gruwels van die kampe te verwater.

Hy skryf: “Dit is duidelik dat, ongeag hoe onskuldig ons in dié verband mag wees, ons nie ander daarvan sal oortuig nie en ek kan nie die ongemaklike gevoel afskud dat daar ’n manier moet wees om die ding ’n bietjie minder aaklig te maak nie, as ’n mens net aan ’n manier kan dink.” In ’n ander brief noem Milner dat hulle so veel as moontlik simpatieke statistiek en getalle moet probeer bymekaarkry en dit onmiddellik aan die regering stuur om in ’n media veldtog te gebruik.

Die briewe openbaar ook van die logistieke probleme wat Milner in die gesig gestaar het. Die Suid-Afrikaanse spoorlyne en treine is alles gebruik om voorrade vir die soldate aan te ry en broodnodige noodsaaklikhede vir die kampe kon nie verkry word nie.

So wys ’n brief van November 1901 dat die amptenare magteloos was om die stygende sterftesyfers te stop.

“Ek het gedink dat ons ’n ommekeer sal sien na die ongeëwenaarde sterftesyfer in Oktober, maar helaas, die syfers het weer onrusbarend begin styg,” het Milner geskryf.

**Meer bewyse van veranderde getalle**
In 2012, het die Suid-Afrikaanse argivaris by die Universiteit van Noordwes in Potchefstroom, Celesté Reynolds, na jarelange navorsing ‘n volledige lys name van diegene wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog in die Britse konsentrasiekampe gesterf het, vrygestel. Haar boek, *Konsentrasiekampsterftes Gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* sluit die name en persoonlike besonderhede van 34 051 blanke slagoffers in. Wat die werklike sterftesyfer onder die swart bevolking in die konsentrasiekampe was, kan ons bloot raai aangesien hier nie behoorlik boekgehou is nie en heelparty sterftes onaangemeld verbygegaan het.

In die woorde van *The Guardian*: “... die sombere kuns van manipulasie deur die media is nie uitsluitlik ’n kenmerk van die moderne politieke era nie.” Hierdie is ’n belangrike en waardevolle les.

[1] Paul Harris, *‘Spin’ on Boer Atrocities*, https://www.theguardian.com/world/2001/dec/09/paulharris.theobserver soos op 29 Julie 2022

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee

**Poësie**

**Konsentrasiekamp Simbool - Cornien Naudé**
Bethulie 1899 – 1902




Mossiedos en Vaalpens sit
op die klip,
baljaar … wip sit,
wip-sit-glip
hul tussen bossie en tak,
bring hoop voor die oorlog end –
flikflooi op die stuiwer se blad
en sit prentjie mooi op die sent.
Vroue van geloof
sê : "Jesus sorg vir voëltjies" –
"Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie?
Nie een sal op die grond val sonder Sy wil nie", het Hy beloof…
maak 'n nessie naby kindertjies
vir hoop en geloof, bid ons op die knie.

## Emily Hobhouse


*Emily Hobhouse*

*"Na my mening is hierdie kampstelsel volskaalse geweld ... Om met die kampe vol te hou, is kindermoord." ~ Emily Hobhouse*

Dit is belangrik om die bespreking hier te onderbreek en die dame, wie se as by die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein begrawe is, te beskou. Sy word deur geskiedskrywers as feminis, pasifis en welsyn-kampvegter beskryf. Dit was egter nie hierdie beskrywings wat haar dienswerk aangevuur het nie, maar die verskriklike toestande waarin sy ander vroue en hul kinders in die Britse konsentrasiekampe aangetref het.

As sekretaresse van die vroue-afdeling van 'n organisasie in Brittanje, wat gekant was teen die Tweede Vryheidsoorlog, het sy betrokke geraak. Sy was nog in Engeland toe sy van die kampe te hore gekom het. Sy het 'n massavergadering gereël om fondse in te samel om in die behoeftes van die vroue en kinders in die kampe te voorsien. Sy het ook die Noodfonds vir Suid-Afrikaanse Vroue en Kinders gestig. In hierdie hoedanigheid, het sy na Suid-Afrika gereis en Kaapstad in Desember 1900 bereik.

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee

# AFDELING 2 OPDRAGKONTROLELYS

Ons beveel aan dat elke kind die volgende doen:

- Voltooi al die kaartwerk en tydlyn aktiwiteite.
- Skryf ten minste een boekresensie oor 'n boek wat jy in hierdie afdeling gelees het.
- Voltooi ten minste vier ander opsionele opdragte wat deur die hoofstuk versprei is.

**Verpligte Opdragte**

- ☐ Kaartwerk - Die Transvaalse Republiek
- ☐ Kaartwerk -Belangrike Stede
- ☐ Kaartwerk -Die Suid-Afrikaanse Oorlog
- ☐ Kaartwerk -Britse Kolonies
- ☐ Kaartwerk -Die Unie van Suid-Afrika
- ☐ Tydlyn en prentjieskyfies
- ☐ Boekresensie

**Opsionele Opdragte**

- ☐ Biografie van 'n President
- ☐ Die Slag van Spioenkop
- ☐ Dagboek van 'n Britse Kind
- ☐ Plakkaat
- ☐ Bewaring van Museums en Erfenisterreine
- ☐ Die Telegraaf
- ☐ Nuusberig oor die Oorlog
- ☐ Oorlewingsvaardighede
- ☐ Held of Skurk
- ☐ Toespraak oor 'n Vryheidsoorlogheld
- ☐ Die Lewe in 'n Konsentrasiekamp
- ☐ Kleredrag
- ☐ Onafhanklikheid van Britse Kolonies
- ☐ Vooroordeel in Geskiedenis
- ☐ Spotprent oor die Tweede Vryheidsoorlog
- ☐ Vlae van Suid-Afrika

**Poësie**

- ☐ Generaal De Wet, Jan FE Celliers
- ☐ Wittekind in die Konsentrasiekamp, C. Louis Leipoldt
- ☐ Konsentrasiekamp Simbool, Cornien Naudé

**Kunswaardering**

- ☐ Bruce Backhouse

**Musiekwaardering**

- ☐ Japie Greyling
- ☐ Sarie Marais
- ☐ De la Rey

**Uitstappies**

Kopiereg © Wendy Young & Shirley Erwee